Donderdag **8**

**SKRIFGEDEELTE: MATTEUS 20:17-28; 27:56**
**FOKUSGEDEELTE: MATTEUS 20:21 (1953- EN 1983-VERTALING)**

## Salome – Navolging bring lyding

"Salome" is 'n pragtige naam vir 'n pragtige mens. Dit beteken "vrede". Sy het Christus met oorgawe gedien en enduit gevolg. Dit moes 'n salige wete gewees het dat Hy nie een nie, maar twee van haar seuns tot dissipels geroep het, dat hulle selfs lieflingsdissipels geword het. Is haar vraag dus vreemd?

Tydens daardie laaste reis om in Jerusalem te sterf, het Jesus die laaste afronding oor sy komende lyde en koninkryk gegee. Hoe nodig dit was, wys hoofstuk 18 se begin. Ná drie jaar stry sy dissipels steeds oor wie die vernaamste was, al loop dit soos 'n refrein deur die Woord dat God hoogmoediges weerstaan, maar sy genade aan nederiges gee. Al het Jesus geleer dat dit in sy koninkryk nie oor eerste, hoogste, vernaamste gaan nie.

Hy het dit ook eenkeer geïllustreer deur soos 'n slaaf hulle voete te was en vir die ryk jongman (hfst. 19) te sê om eers sy hart van sy besittings af te trek voor Hy Hom kon volg. Later het Hy met Paulus die lang pad met die doring geloop om hom te bring tot "as ek swak is, dan is ek sterk".

Tydens die reis vra Salome van Jesus vir haar seuns die vernaamste plekke in sy koninkryk. Sy antwoord beklemtoon dat navolging van Hom juis geringheid, lyding meebring. Ook vir Salome se seuns. Jakobus sou die eerste dissipels wees wat die marteldood sterf. Johannes sou laaste ly – as gevangene op Patmos.

Natuurlik behels opvoeding dat kinders hulle gawes en talente ten beste ontwikkel en na die beste in God se koninkryk sal streef. Nooit egter vir eie bevoordeling nie. Die genade van Christus is só groot dat dit die mens se verstand ver te bowe gaan.

*Sing: Psalm 138:2, 3*

*Ds. CJ (Cornel) Nagel (Messina)*